Ges. 62: 1, 4.
Ges. 71: 1, 2, 3.
Ges. 69: 2, 3.

# Bewys die Liefde!

Gal. 6: 1-10

1 Aand. 27 Aug. 1961

Gal. 6: 2 & 5 - Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus. Want elkeen sal sy eie pak dra.

Dis oor die hele wêreld bekend dat die fenomenale groei v.d. Xdom gedurende die eerste 100 jr. na Xtus se dood te danke was aan die gehoorsaamheid v.n Jesus se volgelinge van hd. sin in Gal. 6: 2. Dit was liefde wat hande en voete gekry het — en dit op so 'n verbasende skaal dat die wêreld nie anders kon as om dit raak te sien en te bewonder nie. 'n Innige band van geloofskameraadskap van ware gemeenskap is gesmee wat armes, swakkes, eensames, verstotenes ingetrek en tuisgebring het in hierdie warme, beskutte liefdeskring en hulle bewaar het van versinking, van doelloosheid, van ontworteling.

Wie ken en beleef nie self in ons dag die verskriklike gevolge van eensaamheid, van Kerklosheid, van doelloosheid, van wortelloosheid, in milj. mense se lewens wat lei tot wanhoop, misdaad, verbittering, selfmoord? Daarom moet ons as Xtene vandag onsself weer baie ernstig afvra: het ons 'n antwoord vir hierdie verskynsels en toestande? Kan ons godsdiens, ons Xtus, vir sulke mense blywend help? Kan ons kyk na hd. opdrag:

"<u>Dra Mekaar se Laste</u>": Die oorspr. Gr. gebruik i/d N.T. 2 woorde vir <u>las</u>: βάρη (vs 2) en φορτίον (vs. 5). In vs 2 beteken die las 'n vrag, 'n gewig wat druk, wat gevoel word, wat te veel word. In die oproep van Paulus hier is nie 'n opdrag om ander se laste oor te neem, dit alles te dra nie; maar om <u>hand</u> of <u>skouer</u> <u>by te sit</u> waar dit vir 'n ander te swaar word.

Dis dies gedagte wat Paulus vertolk in 2 Kor. 8:13 waar hy sê: „Want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie" – en daarmee duidelik te laat verstaan dat die Xten se liefde vir sy naaste nie 'n onpraktiese, onrealistiese sentiment is wat met hom weghardloop nie, maar 'n nugter rekening met ander se nood. Dit beteken in kort 2 dinge:

① Dat ek moeite doen om ander se laste wat vir hulle te veel word, te help dra: Hoeveel van hd. laste is daar nie? Las van armoede, van eensaamheid, van gewetenskwelling & sondeskuld, van versoekings wat te veel geword het, van afdwaling & ontrou, van onenigheid en armoede, van huweliksspanninge en familiesorge, van ouers wat kinders nie reg hanteer nie en kinders wat hulle ouers pyn & leed aandoen – – – !

Na-ego is so teen die mese v.d. natuurlike mens: ek wil nie ons elke dag my eie las dra nie, wat nog te sê opgesaal sit met ander s'n? Dis dan ook die versoeking wat ons baie keer aanvoer:

– my eie moeilikhede klaar so baie en so groot
– my program so vol, my tyd te min —

laat ander dit doen! En tog: dra laste *(nie probleem)*

→ Probleem nie juis: moeilike al meer & programme al voller juis omdat ons die

② Ek moet toelaat en dit moontlik maak dat ander my laste dra: my mede-Xten kan nie 'n las help dra maar hulle nie van weet nie – en hoe sal hulle weet tensy iemand hulle dit vertel? Deur my hart oop te maak, my las bekend te maak bied ek die geleentheid aan ander om dd. las met my te deel. Maar soms tyds swyg mense – of uit trots, of vrees, of minderwaardig of uit verkeerde siening dat hulle ander nie wil lastig val nie – en ontneem so aan

ander Xtene die geleentheid om hulle ~~te~~ help. *(uit te hoop)*

Ons sê baie keer: Ag, ek wil ander nie oplaai met my moeilikhede nie – besef ons dat ons afdeur ander se geneentheid, hulle selfsug voed? Verstaan ons dan nie dat Xtus ander mense se gewete aanspreek *(ook)* deur ons nood? // Laat ons ander toe? (Mew. Lubbe)

„Vervul so die wet van Christus": Paulus vra nie net iets nie – hy gee ook die rede waarom hy dit so sterk stel: Omdat die Xten so alleen die bewys lewer dat Xt. se gebod v. liefde tot d. naaste hom ernstig is: vervul (so) = langs die weg.

Hoe het Xtus nie keer op keer hd. w/hd verkondig, verduidelik ~~en self bewys~~ nie! In sy opsomming v.d. wet, die gelykenis v.d. B.S., in sy instelling v.d. Nagmaal, in sy ~~optrede Hom~~ prediking: altyd was d. grondtoon v.d. liefde wat besiel, d. liefde wat dra & deel, d. liefde wat onontbeerlik is! Dis d. olie v.d. hele mensl. masjinerie – maar dit ontbreek brand alles vas! Daar geen produksie v.d. mensl. gees, geen omset, geen wins!

Nie net verkondig – daadwerklik bewys deur sy sterwe a.d. kruis. Deur d. ganse geskiedenis – waar 'n groter bewys v. liefde wat d. hoogste prys betaal as Jesus se dood op Golgotha?

→ En nou kan Jesus deur Paulus na ons & sê: Jy kan nie d. wet v. Xtus, d. naasteliefde, net met jou mond bely nie – jy kan nie hd. gebod in d. lug laat hang nie: jy moet

Hier elke mens
dit of sigbaar, tasbaar, voelbaar uit liefde of
sy moet dit los! Die ware liefde wil 'n lasdra -
dit loop altyd uit op 'n konkrete daad! Die
ware liefde vind sy vreugde en sy geluk d/in
om ander se laste te help dra. En d. geluk,
d. Xt. vreugde maak alle laste lig - uit beide
meedra, help dra
~~draer~~ & ~~helper~~! Mr. waar die liefde nie
is, ~~...~~ word d. lasdra 'n vloek, 'n dooie
plig!

Nou vra ek u: ~~Is da~~ Is dit vir u lekker om
ander te help? Geniet u dit? Doen u dit
graag - al sou u geen dankie d/voor kry nie?

„Want elkeen sal sy eie pak dra": soldaat se pak
op mars
φορτίον:
daagl. las, pers. verantwd. Dis die las wat
Xtus op sy dis's ~~...~~ lê Matt. 11:30

Ook Paulus beklemtoon dit in Rom 14:12 -
„So sal elkeen van ons dan vir homself rekenskap
gee" (Ook Rom 2: 6-11) -

Ons is soldate op mars: gereed vir d.
stryd, toegerus vir d. taak.

→ O Jesus wat ons saam verbind
maak ons in diens bly moedig
in liefde meer oorvloedig
Dat, waar die wêreld ons ook vind
hy van ons liefde leer,
u grote Naam ter eer!